Personeelkamer Opening

52. Lees asseblief vandag my hart

Elke dag om 12uur het ‘n man by die kerk se voordeure ingestap, stadig tot voor die kansel gestap, ‘n paar minute daar vertoef en dan weer uitgestap. Die predikant het hom elke dag gesien inkom en dan weer uitgaan. Eendag toe stap die predikant na hom toe en vra vir hom: "Goeie dag, ek sien jou elke dag hier inkom en dan weer na ‘n paar minute uitstap, is daar dalk iets waarmee ek kan help"

Die man kyk na die predikant en glimlag, : "U sien ek kan nie baie goed en lank bid nie, nou stap ek maar net elke dag om 12 uur gedurende my etensuur hierin en dan stap ek tot daar voor en dan sê ek: Hallo Jesus, dis Jim hier." en dan stap ek maar weer uit.

En so het die tyd verbygegaan, en eendag het een van die gemeente lede vir die predikant kom sê dat Jim in die hospitaal opgeneem is, en dat dit nie goed gaan met hom nie. Die predikant gaan toe hospitaal toe en vra die saal suster hoe dit met Jim gaan, sy sê toe sy kry die man so jammer hy is so siek, en ontvang geen besoekers nie.

Die predikant gaan toe na Jim se bed, en vra hom, : "Jim, hoe gaan dit met jou?" Jim se hele gesig kry ‘n uitdrukking van blydskap toe hy antwoord: " Dit gaan baie goed met my, ek het nou net besoek ontvang." Die predikant was baie verbaas want die saalsuster het hom nou net gesê dat Jim geen besoekers ontvang nie.

Hy vra toe: "Wie was jou besoeker Jim?" Jim vertel hom opgewonde, elke dag om 12 uur dan stap Hy hier in en dan sê Hy vir my : "Hallo Jim, dis Jesus," en dan stap Hy weer uit.

Toepassing:

Soms dink ons dat ons moet hierdie hoë woorde en taalgebruik hê om met die Vader te praat. Maar Hy is ons Vader, en Hy hoor nog voor ons gevra het, ons kan met ons Hemelse Vader praat oor enige iets net soos ons met ons aardse vaders kan praat. En Hy is altyd daar om te luister, en te antwoord. Al sê ons net Hallo Jesus dis weer ek, ek het nie baie woorde nie, maar lees asb vandag my hart.